

Gim oefeninge vir jou kleintjie

11/5/2009 10:03:11 PM

Dis 10:00 en die gimklas gaan begin.

“Hallo, my poplap! Kyk hoe mooi lyk jy!” groet me. Rianda Ludik, BabaGim-instrukteur, Jessica-Thealè van Zyl (17 maande).

Mev. Alet-Marie van Zyl (30), Jessica-Thealè se mamma, vertel opgewonde hoe haar baba nou al lekker rondkruip en geleer het sy moet agterstevoor by trappe afklim.

Nadat die ma's hul handdoekies op die mat gegooi het, begin die oefeninge.

Ludik verduidelik alle babas vind baat by BabaGim – dit versterk die spiere, stimuleer sintuie en help sodoende leerprobleme en struikelblokke op skool voorkom.

Ludik, wat al drie jaar lank dié klasse aanbied, vertel hoe spesiaal dit vir haar was toe 'n tweejarige wat die dokter gesê het nooit sal kan loop nie, op Kersdag haar eerste tree gegee het.

Volgens haar tree wonderlike verbeterings in wanneer babas meer bewus word van hul sintuie en terselfdertyd word hul spiere ook versterk.

Die voormalige kleuterskoolonderwyser dr. Melodie de Jager is die baasbrein agter BabaGim, wat landwyd aangebied word.

De Jager sê sy het die meeste van haar lesse geleer terwyl sy met haar eie drie kinders gewerk het, asook met ander kinders in haar praktyk.

BabaGim is 'n vyf weke lange kursus met 'n uur lange klas elke week.

In elke klas word nuwe tegnieke geleer.

Besoek www.babygym.co.za vir nog inligting.